## Repliek

DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v50i1.11

'n Resensie word binne die Afrikaanse letterkunde beskou as 'n eerste mening van 'n ingeligte leser. Oor smake kan 'n mens altoos verskil en daar was al felle polemieke oor verskille met betrekking tot waarvan 'n kritikus hou of nie.

Maar wanneer 'n resensent 'n veralgemening maak wat myns insiens 'n belangrike afdeling van die vakgebied as sodanig verdag maak, moet daar gevra word vir 'n verheldering of verduideliking.

In die bespreking van S. J. Naudé se *Alfabet van die voëls*, *Tydskrif vir letterkunde* 49.2 (2012), skryf Jacomien van Niekerk: "S.J. Naudé se debuut is een van die min produkte van grade in kreatiewe skryfkunde wat 'n mens werklik opgewonde maak oor wat hierdie nuwe skrywer nog verder gaan oplewer. Sommige romans of verhale wat na afloop van só 'n kursus gepubliseer word, is dikwels yl of pretensieus of lomp—af al drie." Hierteenoor is Naudé se verhale, wat haar betref, egter ryk, sonder fieterjasies en knap geskryf.

Ek veroorloof my as 'n professor in Afrikaans en Kreatiewe Skryfwerk aan die Universiteit van Kaapstad, wat jong digters begelei, om op haar stelling oor die prosa te reageer.

Kreatiewe skyfskole of -kursusse (of programme) aan die Universiteit van Kaapstad, Universiteit van Stellenbosch, Universiteit van Pretoria, Noordwes-Universiteit, en Wits het die afgelope paar jaar die Afrikaanse letterkunde van etlike belangrike tekste voorsien. Die impasse wat daar in die Afrikaanse digkuns geheers het, is opgehef met digters wat deur skryfskole of -programme beweeg het: René Bohnen, Aniel Botha, Fourie Botha, Karen Kühn, Martina Klopper, Loftus Marais, Carina Stander, Lou-Ann Stone en andere.

Die Afrikaanse prosa—en dan praat ons nie eens van die Engelse prosa met Henrietta Rose-Innes en Sean O'Toole nie—het name opgelewer soos Willem Anker (*Siegfried*), Helena Gunter (*Op 'n plaas in Afrika*) en verder terug in die tyd*: Spoor* (Sonja Loots), *Kom slag 'n bees* (Izak de Vries) asook werke van Jaco Botha, Tom Dreyer en andere.

In die onlangse verlede was daar ook *Maal* van Nicole Jaekel Strauss, 'n uiters volwasse en ryk geskakeerde bundel. Deon Meyer het eweneens 'n draai gegooi by die Universiteit van Stellenbosch se program.

Daar is ook *Chinchilla* deur Nanette van Rooyen. Dit is waarskynlik onnodig om met nog goeie voorbeelde vorendag te kom.

'n Mens sou graag 'n lysie wou sien van die "yl, pretensieuse of lomp" tekste waarna sy verwys. Trouens, die Afrikaanse letterkunde is die afgelope paar jaar gevoed met tekste wat juis *binne* skryfskole of -programme ontstaan het. Dit is natuurlik nog net 'n portefeulje waarmee die student verder moet woeker.

'n Uitspraak soos Jacomien van Niekerk s'n is 'n growwe veralgemening en maak die belangrike werk en bydraes ongedaan. Vele van hierdie skrywers is bekroon en het al met 'n tweede boek vorendag gekom wat hierdie uitspraak des te meer aanvegbaar maak. Meer nog, daar is nog nuwelinge op pad!

Skryfprogramme is nie bó kritiek verhewe nie en vele van die aanbieders kyk metakrities na die proses, maar so 'n veralgemening ontken die belangrike bydraes wat die letterkunde die afgelope paar jaar gevoed het.

*Joan Hambidge*
Joan.Hambidge@uct.ac.za
Universiteit van Kaapstad
Kaapstad